

**Maandag 5 Desember**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 4:15-37**

**Fokusgedeelte: 2 Konings 4:17, 28 (OAV en NAV)**

### **Hoop vir die “nog nie” en die “nie meer”**

Solank daar lewe is, is daar hoop.” Dis die soort hoop wat ons mekaar graag wil gee. Maar wat as die dood só ingeslaan het soos by die Sunemmitiese vrou van wie 2 Konings 4 praat? Is daar dán nog hoop? Menslike – en bloot menslike – hoop sal dán faal!

Daarteenoor ... as dit hoop geskoei op Abraham s'n is, en in ons Skrifgedeelte op Elisa s'n? As dit 'n geloofs-hoop is in dié God “wat dooies lewend maak en dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur sy woord” (Rom. 4:17) ... wat dan? Wel, dán kan geen menslike vrees dat ek met 'n valse hoop om die bos gelei is, my hart vertwyfeld maak nie. Dán weet ek: *maar die dag kom uit die donker / en die nag het ook sy lig / In my twyfel hou ek, Here / steeds die oog op U gerig* (Ps. 42:5, tweede omdigting).

Die Sunemmitiese vrou worstel met twyfelgedagtes dat God deur Elisa haar dalk 'n valse hoop gegee het. Hy gee eers 'n seun as't ware “uit niks”. Nou neem Hy hom “terug” (2 Kon. 4:16). Tog beskaam God haar! Hy gee die seun wéér wat “nie meer” is nie!

Só getrou is die lewende God. Hy gee genade óp genade óók vir jóu vandag uit die oorfloed van Christus.

*Sing: Psalm 42:5 (2001-2)*

*Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)*